

## PAASFEES: WAAR KOM DIE NAGMAAL VANDAAN? EKSODUS 11, 12

Gelowiges vier gereeld die nagmaal. Waar kom dit vandaan? Wat is die betekenis daarvan? Die wortels van die nagmaal lê in die Ou Testament, in die paasfees wat God ingestel het toe Hy die Israeliete uit Egipte verlos het.

God het aan Abraham en sy nageslag 'n land belowe, maar dit het nie in sy leeftyd volledig gerealiseer nie. Abraham se agterkleinseun, Josef, het in Egipte beland en later het sy pa en hele familie tydens 'n hongersnood Egipte toe getrek. Meer as 400 jaar daarna het Abraham se nageslag, die Israeliete, tot 'n groot volk in Egipte aange groei. Die Farao, koning van Egipte, het bedreig gevoel deur hierdie groot groep vreemdelinge in sy land en die Israeliete wreed as slawe begin verdruk. Hy het selfs hulle babaseuntjies doodgemaak. Een van die seuntjies, Moses, is egter gespaar en is later deur God geroep om die Israeliete uit Egipte deur die woestyn na Kanaän toe te lei. So sou die nageslag van Abraham uiteindelik die beloofde land besit neem.

Die Farao weier eers om die Israeliete te laat trek en die Here stuur 'n reeks plaë om sy mag te toon. Farao skop vas ten spyte van nege plaë. Daarna kondig Moses die finale plaag aan: Al die eersgeborenes in Egipte, mens en dier, sou tydens een nag sterf. Israel se oudstes word egter op 'n unieke wyse gespaar. Elke gesin moes naamlik 'n lammetjie, sonder gebrek, slag en braai om te eet. Sy bloed moes aan die deurkosyne gesmeer word en almal in die huis sou dan gespaar word. ). In elke gesin neem die lammetjie die plek van die oudste kind in sodat die dood die huis oorslaan. Die Hebreeuse woord vir 'pasga' verwys na die oorslaan (Engels: passover) van die Israeliete se huise (Heb. 11:28 Die lammetjie se bene mog nie gebreek word nie. Die paaslam is saam met bitter kruie en ongesuurde brood geëet want, volgens God se opdrag, moes die Israeliete haastig uit Egipte trek en sou dus nie tyd hê om brood in te suur en te laat rys nie.

Die 'onskuldige' lammetjies sterf in die plek van die eersgeborenes van die Israeliete netsoos wat God die ram in die plek van Isak voorsien het toe Abraham hom moes offer. Dit is 'n profesie in beeld van die Lam van God wat sou kom om die sondes van die wêreld weg te neem (Joh. 1:29). Soos die lammetjie se bene nie gebreek is nie, is Christus se bene ook nie aan die kruis gebreek nie (Joh. 19:36). Die bitter kruie simboliseer die bitterheid van die mens se sonde-slawerny. Suurdeeg is simbool van die sonde wat die hele lewe deurtrek (Matt. 16:6). Soos wat die Israeliete niks met suurdeeg mog eet nie wanneer hulle die paasfees herdenk het nie (Eks. 13:1–10), moet die gelowige, wat deur die offer van die Paaslam gered is, die suurdeeg van die sonde uit sy lewe verwyder (1 Kor. 5:7,8).

Die verlossing van die Israeliete uit die slawerny in Egipte word dan 'n beeld van die verlossing van die mens uit die sonde-slawerny. Die lam wat die plek van die eersgeborenes inneem, simboliseer die sondelose Lam van God, Jesus Christus, wat geoffer is in die plek van sondaars (1 Pet. 1:18,19). Die bloed aan die deurkosyne verteenwoordig die bloed van die Here Jesus wat vir sondaars gestort sou word. Die Israeliete moes **glo** dat God die oordeel oor die Egiptenaars sou voltrek, maar hulle sou spaar. Hulle moes dan in gehoorsaamheid skuil agter die

bloed aan die deurkosyne. **Net soos in Abraham se lewe word God se genade deur die geloof ontvang.**

Die Here beveel die Israeliete om jaarliks die paasfees te vier om hulle te herinner aan sy genadige redding uit Egipte. Tydens die fees sou die kinders in die huis na die betekenis van die fees vra. Die pa sou dan verduidelik: “Dit is ‘n paasoffer aan die Here omdat Hy in Egipte die Israeliete se huise oorgeslaan het. Terwyl Hy die Egiptenaars getref het, het Hy ons huise gespaar” (Eks. 12:27). Verder sou alle eersgeborenes, mens en dier, in die toekoms aan die Here toegewy wees, want Hy het hulle gered toe Hy die Egiptiese eersgeborenes gedood het (Eks. 13:2, Num. 3:13). Die wyse waarop God Israel uit Egipte gered en die eersgeborenes gespaar het, word op drie maniere herdenk: die fees van die ongesuurde brode, die slag en eet van die paaslam en die toewyding van alle eersgeborenes aan die Here.

Die paasfees van die Ou Testament gaan met die kruisiging van Jesus Christus oor in die nagmaal (Markus 14:12). Die Here Jesus het die laaste keer wat Hy saam met sy dissipels die paasfees gevier het, die nagmaal ingestel (1Kor. 11:23-26). Elke keer wanneer gelowiges die nagmaal vier, herdenk en verkondig hulle die dood van die Here Jesus wat in ons plek gesterf het. Dit moet gevolg word deur ‘n lewe van heiligmaking waartydens die suurdeeg van die sonde toenemend uit hulle lewens verwyder word (1 Kor. 5:7,8).

Die vervulling van die paasfees in die nagmaal in die Nuwe Testament word in die volgende tabel opgesom:

<b>Paasfees</b>	<b>Nagmaal</b>
Paaslam	Lam van God: Christus
Sonder gebrek	Sondeloos
Geslag	Gekruisig
Bene nie gebreek nie	Bene nie gebreek nie (buitengewoon vir ‘n gekruisigde)
In die plek van die oudste seun se fisiese dood	In die plek van die gelowiges se geestelike dood
Bloed van lammetjie	Bloed van Christus
Skuil agter bloed aan deurkosyne	Skuil in Christus
Herinner aan redding uit slawerny in Egipte	Herinner aan redding uit sonde-slawerny
Verwag Verlosser se eerste koms	Verwag Verlosser se tweede koms
Bitter kruie	Sonde-slawerny
Ongesuurde brood	Aflê van sonde
Toewyding van eersgeborenes aan God	Toewyding van lewe van gelowiges aan God
Glo dat die engel die huis sal oorslaan	Glo dat Christus die gelowige van God se oordeel red
Getuig teenoor kinders, binne die gesin	Getuig teenoor medegelowiges, binne die gemeente

**Wat ‘n voorreg om deel te hê aan die nagmaal en uit te sien na die bruilofsmaal van die Lam!**